**10 OKTOBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 109 (OAV)**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 109:21, 26-28 (NAV)**

## GOD SEËN SY KINDERS WAT BIDDEND OP HOM VERTROU!

In hierdie deurmekaar en omgekrapte wêreld van ons kan ons Dawid se woorde en gedagtes goed verstaan. Hy is hewig ontsteld. Hy word vals beskuldig. Dit alles net omdat Hy ’n kind van God is. Kyk weer na Dawid se klagte: “My liefde beantwoord hulle met vyandskap...so vergeld hulle my met kwaad vir goed en haat vir liefde...” Is dit nie dikwels ons Christene se probleem met die samelewing nie? Dit voel vir ons asof goed sleg geword het en asof die leuen en die waarheid nie altyd duidelik onderskei kan word nie. Ons leef en woon ook in ’n samelewing wat besoedel is met geweld. Misdadigers gee nog die toon aan. Leuenaars se woorde word steeds as die waarheid aanvaar. Jou gebede vir jou vyande sal steeds ’n geveg uitlok. En wanneer jy die ander wang draai, sal hulle dit ook nog klap. Wat staan my as Christen te doen? Neem jou toevlug tot God. Ons mag dit maar doen. Gryp in jou gebed soos ’n anker vas aan die HERE se goedheid en trou en loof die HERE as die God wat gebede verhoor (vers 21). Hy het dit in die tyd van die Psalmdigter gedoen, Hy sal dit vandag vir ons doen en Hy sal dit in die toekoms vir sy kinders weer doen. Leef daarom biddend onder die seënende hand van die HERE wat sê: “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg...” (Matteus 5:11). Want vir ons is daar deur God se genade ’n ander realiteit: “Hulle vervloek my, maar U sal my seën” (vers 28).

*Sing: Psalm 109:14, 15 (Cloeteberyming)*

*Dr De Wet Saaiman (Queenstown/Dordrecht)*